UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# DOKUMENTASIESENTRUM VIR MUSIEK (DOMUS)

## Voorraadboubeleid

Die versamelings in DOMUS kan in verskillende kategorieë verdeel word, naamlik Africana, Dokumente en Algemene versamelings.

**A Africana**

1. Africana word beskou as boeke, tydskrifte, prente, beelde, ens. van geskiedkundige belang oor Suider-Afrika en soms ook Afrika, en wat by versamelaars gesog is.[1] In die lig van hierdie definisie, spits DOMUS hom toe op gedrukte musiekmateriaal, asook musiekmateriaal in ander formate (soos digitaal), primêr met die fokus op Suider-Afrika (Afrika suid van die Sahara).

2. Die doel van die Africana-musiekversameling is die versameling, bewaring en beskikbaarstelling van gespesialiseerde materiaal vir navorsing en studie. Met inagneming van kopiereg, en die formaat, toestand en ouderdom van betrokke items, word fotokopiëring op beperkte skaal toegelaat.

3. Die versameling, hoewel relevant, moet ook histories verteenwoordigend wees van die tydperke waarin dit opgebou is en waarin individuele bronne ontstaan het.

4. Omvang van die Africana-musiekversameling:
    a. Monografieë en bladmusiek word deur die US Biblioteek- en Inligtingsdiens aangekoop en by die bestaande nommers op die rekenaarkatalogus gevoeg. Skenkings word ook in hierdie verband aanvaar.
    b. Koerante word slegs aanvaar indien deel van 'n individuele versameling gekoppel aan 'n persoon of instansie. Weens ruimtegebrek en die verganklike aard van die papier word dit nie op sigself in die Africana-versameling opgeneem nie.
    c. Relevante proefskrifte word as skenkings aanvaar en opgeneem.

[1] *Pharos Woordeboeke Aanlyn*. Beskikbaar: http://www.pharosaanlyn.co.za/NXT/gateway.dll?f=templates&fn=default.htm$vid=Pharos:PharosView&npusername=PhaUser&nppassword=phaPass

5. Gebruikers van die Africana-musiekversameling:
    a. Personeel en studente van Universiteit Stellenbosch.
    b. Personeel en studente van ander tersiêre instellings.
    c. Personeel en studente van buitelandse universiteite.
    d. Eksterne kliënte.
    e. Alumni en US pensionarisse.
    f. Beperkte hulp word aan skoliere verleen, indien benodigde bronne slegs in die Africana-musiekversameling aanwesig is.
    g. Die gebruik van bronne vir kommersiële doeleindes word ontmoedig.

6. Skenkings:
    a. Skenkings word streng gekeur a.g.v. ruimteprobleme. Slegs onvoorwaardelike skenkings word aanvaar.
    b. Geen duplikate word aanvaar nie. Getekende kopieë of items in 'n beter fisiese toestand dien as vervangingskopieë.

7. Beperkings:
    a. As gevolg van beperkte spasie word oordeelkundige uitbreiding vereis.
    b. Die uitbou van die Africana-musiekversameling word ook sterk gekoppel aan die beskikbaarheid van fondse.
    c. Oorspronklike materiaal, eerste drukke van werke of hardeband kopieë geniet voorrang bo latere drukke, faksimilee-uitgawes en sagtebande, bloot oor die toevoeging van waarde aan die versameling.
    d. Publikasies in die oorspronklike taal, waar van toepassing, geniet voorkeur bo vertalings.

**B Dokumente**

1. Voorkeur word gegee aan:
    a. Die literêre nalatenskappe van komponiste.
    b. Die literêre nalatenskappe van uitvoerende kunstenaars.
    c. Die literêre nalatenskappe van musiekwetenskaplikes.
    d. Die dokumentasieversamelings van musiekinstellings.
2. Die volgende tipe materiaal word aanvaar:
    a. Oorspronklike dokumente.
    b. Foto’s.
    c. Koerantknipsels wat relevant is tot die betrokke versameling.
3. Potensiële skenkers word slegs by uitsondering genader wanneer hulle in die kategorieë onder (2) val.
4. Aanvaarde skenkings word nie geruil of verkoop nie. As gevolg van die belangrikheid van die konteks waarbinne versamelings bewaar word, kan materiaal in oorleg met die skenker of ander betrokkenes, gratis aan ander instansies aangebied word indien die betrokke versameling of dele daarvan elders beter tot hul reg sal kom.
5. As gevolg van die optimale gebruik van beperkte ruimte, is dit belangrik dat duplikate vermy word. Duplikaatmateriaal kan elders in die Musiekbiblioteek geplaas word, aan ander instansies aangebied word, of

ten laaste verpulp word. In die geval van nalatenskappe geskied hierdie prosesse in oorleg met testamentêre bepalings.

**C Algemene Versamelings**

Hierdie afdeling bestaan uit seldsame bronne en unieke uitgawes van algemene belang. Benewens die Scott-versameling, word hierdie afdeling hoofsaaklik met skenkings aangevul.

**Musiekbiblioteek: DOMUS / Music Library: DOMUS**
Konservatorium / Conservatoire
Privaatsak / Private Bag X1 · Matieland 7602 · Suid-Afrika / South Africa
Tel: +27 21 808 3713 · Faks / Fax: +27 21 808 2340
E-pos / E-mail : bg1@sun.ac.za · http://www.sun.ac.za/library